

GEMEENTEBULLETIN

NG Kerk Stellenbosch Moedergemeente

Tel: 021 883 3458 | Faks: 021 886 4041 | Alle ure nommer: 074 354 0088

E-pos: kantoor@moederkerk.co.za

Webblad: www.moederkerk.co.za



PALMSONDAG

14 APRIL 2019

WELKOM IN DIE EREDIENS VANDAG!

OGGEND- EN AANDDIENS
RICHARD VAN WYK

MOEDERKERK
09:30 & 19:00

INFORMELE EREDIENS
IRÉNÉE HEYNS

HOFMEYRSAAL
09:30



KRUIS
WOORD

TEMA: Kruiswoord V - Die kruis is ons kraan

TEKS: Joh 19:28-29

Met die eerste vier kruiswoorde was die goddelikheid van Jesus onder die vergrootglas maar met die vyfde kruiswoord sien ons duidelik dat Hy ook volledig mens was. Elkeen van ons kan met die kruiswoord identifiseer. Die kruiswoord help ons om die intensiteit van die pyn aan die kruis te verstaan. Dit help ons ook om onself te ondersoek en te vra: "Waarna dors ons?". Fisiese dehidrasie is lewensgevaarlik. Ons bestaan immers uit twee-derdes water. So is geestelike dehidrasie ook lewensgevaarlik. Met die kruiswoord kom nou Jesus ons uit om ons dors by hom te kom les. Kom drink by die "kruis-kraan" en word dan self 'n kraan van lewende water vir 'n gedehidreerde samelewing. Of soos ons visie sê, word dan "n rivier van lewende water".

GROOT LYDENSWEEK

Die week van 14-21 April is die hoogtepunt van ons Kerkjaar – dit is groot Lydensweek en Christene regoor die wêreld vier hierdie week jaarliks op 'n besondere wyse. Gewoonlik is die week tydens die skoolvakansie wat die vieringe hiervan in gemeentes moeiliker maak, maar hierdie jaar gee dit ons die geleentheid om as gemeente saam stil te staan en na te dink oor die kern van ons Christelike geloof – Jesus se lyding, kruisiging en opstanding.

- Sondag, 14 April is Palmsondag en ons vier die dag in ons gewone eredienste in die kerkgeboue.
- Maandag, 15 April tot Donderdag, 18 April is daar elke aand 18:00 'n Nagmaalmeditasie in die kerkgebou. Ons gaan nadink oor die kruisgebeure deur teksgedeeltes, stilte, orrelspel en kunswerke.
- Vrydag, 19 April is ons Goeie Vrydag diens met nagmaal om 9:30 in die Kerkgebou.
- Saterdag, 20 April is Stil Saterdag (gelowiges dink na oor Jesus se dag in die graf).
- Sondag, 21 April is dit Opstandingsondag. Om 06:00 is dit ons tradisionele "Tuindiens".
- Sondag, 21 April 9:30 is die Groot Paasdiens in die Kerkgebou.

Kom geniet 'n koppie tee by die Kerkhuis na die oggenddiens.

PROGRAM VIR DIE WEEK

MAANDAG, 15 APRIL

- 17:00 Oggenddienswerkgroep in die Kerkhuis
- 18:00 Groot Lydensweek in Moederkerk

DINSDAG, 16 APRIL

- 17:30 Doopgesprek in die Kerkhuis
- 18:00 Groot Lydensweek in Moederkerk

WOENSDAG, 17 APRIL

- 18:00 Groot Lydensweek in Moederkerk

DONDERDAG, 18 APRIL

- 18:00 Groot Lydensweek in Moederkerk

VRYDAG, 19 APRIL

- 08:15 GEEN Meditasie en Nagmaal in Moederkerk
- 09:30 Goeie Vrydag diens in Moederkerk

SONDAG, 21 APRIL

- 06:00 Tuindiens: Jan van Zyl
- 08:30 Meditatiewe diens in die Kapel
- 09:30 Erediens in Moederkerk: Marié Britz
- 09:30 GEEN Kategese
- 09:30 GEEN Informele erediens in die Hofmeyrsaal
- 10:30 Engelstalige diens in die Khaya
- 18:30 GEEN Kategese
- 19:00 GEEN Erediens in Moederkerk
- 19:00 GEEN Erediens in Kruiskerk

VANUIT DIE KERKKANTOOR...

- Gaan kyk gerus na ons webblad by www.moederkerk.co.za om te sien wat alles in Moedergemeente gebeur. Die bulletin is ook reeds Vrydae daar beskikbaar, sowel as die preekbeurte, tema en teks.
- NUWE LIDMATE wat by die gemeente wil inskakel, is welkom om die kerkkantoor te kontak by 021 883 3458, of gaan na ons webwerf www.moederkerk.co.za vir meer inligting. Indien jou kontakbesonderhede verander, laat weet ons ook asb.
- CD opnames van alle eredienste word gemaak. DVD opnames kan per spesiale geleentheid bestel word. Bestel gerus 'n CD (R20) of DVD (R30) by die Kerkkantoor.



PAASRETREAT 2: 23-25 April (As gevolg van die oorweldigende belangstelling in die Paasretreat van 12-14 April het ons 'n tweede geleentheid geskep vir nog 'n Paasretreat)

Tye: Ons begin Dinsdag, 23 April om 11:00 tot Donderdag, 25 April en sal om 14:00 klaar maak

Waar: Stillebosch Retreatplaas op die Bottelarypad - 16km buite Stellenbosch

Doel: Gefokusde tyd van stilword en begeleiding rondom die kruisgebeure

Koste: R900

PINKSTER RETREAT: 24-26 Mei (Ons dink na oor die inwoning van God se Gees in ons)

Tye: Ons begin Vrydag, 24 Mei om 18:00 tot Sondag, 26 Mei en sal om 14:00 klaar maak

Waar: Stillebosch Retreatplaas op die Bottelarypad - 16km buite Stellenbosch

Doel: Gefokusde tyd van stilword en begeleiding rondom die Pinkstergebeure

Koste: R900

Betalings: NG Kerk Stellenbosch; Nedbank; Business Winelands

Rek no: 1498043232 (tjek); Takkode: 149821

Inskrywings en navrae: elaine@moederkerk.co.za of kontak 021 883 3458

ZORADA ONTVANG 'N PRYS

Die 2019-wenners van die Andrew Murray-prysfonds se pryse en toekennings is pas aangekondig. Die FAK-toekenning vir Christelike musiek word vanjaar aan ons eie Zorada Temmingh gegee.

Baie geluk Zorada, ons is baie trots op jou.

VERSOENINGSETE - RECONCILIATION LUNCH

Die *Reconciliation Lunch* is 'n ruimte waar verskillende ras- en kultuurgroepe op 'n gestruktureerde maar tog informele wyse met mekaar skakel en verhoudings bou. Mense van verskillende kulture, agtergronde en taal word saamgebring rondom 'n etenstafel waar die geleentheid geskep word om stories te deel en by mekaar se leefwêreld te leer en so ons harte te verruim. Die *Reconciliation Lunch* word elke tweede Woensdag (in die skool kwartaal) om 12:00 by die Legacy Sentrum in Kayamandi gehou. Die datums vir die Tweede Kwartaal is 24 April, 8 Mei, 22 Mei, 5 Junie. Almal is welkom. Vir navrae kontak Jan van Zyl by jan@moederkerk.co.za .

BOEKBESPREKING: Woensdag, 24 April 2019

Die eerste boek wat ons vanjaar saam lees is die boek van William Barry – *A Friendship like no other*. Indien jy belangstel om deel van hierdie leesgemeenskap te word wat op Woensdag, 24 April begin, stuur asb jou naam en besonderhede na elaine@moederkerk.co.za.

Tye: Woensdagoggende om 10:00 – 11:30
Woensdagaande om 18:00 – 19:00 (herhaling)

Kontak: Elaine by 021 883 3458 elaine@moederkerk.co.za

CHICONONO GEMEENTE

1. Moederkerk is al 27 jaar betrokke in Mosambiek, en wel in die noord-ooste by Chiconono.
2. Die onlangse vloede het gemeentes in die sentrale area getref. Daar is 8 ernstig geaffekteerde gemeentes van die Igreja Reformada em Mocambique in die Beira area. Noudat die ramp uit die oog van die nuusmedia verdwyn het, is dit juis die tyd dat hulp nog baie nodig is. Die aanvanklike wêreldwye respons neem mos af, maar die nood gaan nog 'n paar jaar voortduur.
3. Die Getuieniskommissie van die Wes-Kaap Sinode het aangedui dat lidmate geldelike bydraes kan maak en inbetaal in die rekening wat hul bedryf vir die IRM. Die detail is Standard Bank; Tak: RIVERSIDE MALL; Takkode: 051 001; Rekeninghouer: IGREJA REFORMADA EM MOCAMBIQUE; Rekeningnommer: 032 891. Daar is goeie finansiële kontrole oor die rekening, en die donateurs kan verseker wees dat bydraes sal betaal vir herstel van beskadigde kerke, kos en klere saad vir nuwe oeste, en ander hulp vir die vloed geteisterde mense via die IRM se respons Nova Vida [Nuwe Lewe] op die vloed. Vir verdere goeie kontrole dat dit geormerk moet word vir die vloed, kan 'n bewys van betaling gestuur word aan ds Kobus Odendaal van die sinodale Getuieniskommissie by missio@kaapkerk.co.za
4. Alle bydraes sal verwelkom word om ons mede-gelowiges daar by te staan.
5. Bid vir die 8 gemeentes in Sentraal-Mosambiek wat swaar getref is en in hierdie tyd steeds die Goeie Nuus van die evangelie moet dra. Bid vir elke slagoffer wat deur hierdie trauma geraak is. Ook vir die lang pad van heropbou

MANDALA-GROEP

Die mandala-groep is 'n groep van Kruiskerk wat Donderdae-aande vir 'n uur saam stilword en mandalas teken met meditatiewe musiek in die agtergrond. Almal is welkom - diegene wat kan teken en diegene wat glo hulle kan nie teken nie. Die doel is juis om jou kreatiwiteit te ontdek! Op die oomblik bestaan die groep uit studente van Kruiskerk, maar ons is baie opgewonde daarvoor om Moederkerk te nooi om saam met ons te kom aanbid op hierdie kreatiewe wyse.

Wanneer en waar? Ons volgende byeenkoms is Donderdag, 2 Mei 19:00 - 20:00 by die Khaya langs Kruiskerk (daar sal koffie en tee wees vanaf 18:30)

Jy hoef niks saam te bring nie – ons voorsien al die kunsmateriaal.

RSVP teen 30 April: Aletta Simpson 078 952 9553 of e-pos halettas@gmail.com

GEBEDSLYS VIR DIE WEEK

ONS GEMEENTE EN GEMEENSAP:

- Bid dat ons gedurende Lydenstyd regtig 'n poging sal aanwend om by die kruis op Golgota te vertoef sodat ons kan probeer verstaan hoe groot die liefde van God is vir elkeen van ons en dat ons dan as sy geliefdes sal begin lewe met dankbaarheid en wederliefde vir Hom en ons naaste.
- Die herfs is duidelik sigbaar om ons; oral val die dooie blare. Bid dat die Here ook in ons lewens die dooie 'blare' sal laat afval sodat ons as sy verlose kinders kan begin lewe.

ONS LAND:

- Ons bid en vra dat ons skoliere en studente toenemend sal besef hoe belangrik dit is om binne hulle vermoëns die beste punte te behaal, maar ook om hulle algemene lewensvaardighede ten beste te ontwikkel.
- Bid dat die talle protesoptredes in ons land voortaan almal vreedsaam en sonder lewensverlies en vandalisme sal wees.
- Bid vir hulle wat verder verarm weens die buitengewone stygings in die pryse van lewensmiddele.

ONS WÊRELD:

- Bid vir Libië waar 'n burgeroorlog dreig om opnuut uit te breek. Bid vir hierdie land wat vir jare reeds onstabiel is en telkens dreig om opnuut in chaos te verval. Bid veral ook vir 'n internasionaal gesteunde konferensie wat binnekort vergader om moontlike nuwe verkiesings te bespreek.
- Bid vir die Christene in Noord-Korea wat steeds blootgestel is aan vervolging ter wille van hul geloof. Bid dat die vredesonderhandelinge tussen Noord- en Suid-Korea ook die deur vir Bybelwerk sal open sodat mense wat vir dekades van die Evangelie afgesny is, bereik kan word.

Stellumthombo is 'n onafhanklike openbarevoordeelmaatskappy (*public benefit company*). Dit hanteer alle donasies namens die drie bene van Moederkerk se gemeenskapsuitreikaksies en verskaf Artikel 18A Inkomstebelasting-sertifikate op versoek aan skenkers, ook skenkers van buite die Gemeente.

Die drie bene:

Straatlig werk met haweloses en ander verstotenes en staan hulle met raad en daad by op hul weg na rehabilitasie.

Becoming Kids fokus op kinders van Cloeteville wat in baie swak huislike omstandighede moet oorleef en gee vir hulle vastigheid in hulle lewetjies.

Masandise Studiehulp het 'n span vrywillige mentors wat arm jongmense help om hulle uit armoede uit te studeer en hulle te bekwaam vir 'n goeie betrekking.

STELLUMTHOMBO

straatlig

Becomingkids

MASANDISE
STUDIEHULP

Moederkerk/Kruiskerk



Jy kan ook jou dankoffer en bydraes deur **Snapscan** gee vir die gemeente of vir ons gemeenskapsbedieninge by **Stellumthombo**.

Gebruik die korrekte kodes hier:

Stellumthombo



Vanoggend se deurkollekte gaan aan die Lesotho Hoop Projek.
Volgende Sondag se deurkollekte gaan aan Studentebearbeiding.

